Geagte Voornemende Kampeerder en Ouer 2021 - 03- 02

Hoëveld Penkop- en Drawwertjiekamp vier hierdie jaar **ons 40ste jaar Feeskamp** gedurende die April vakansie. Hiermee nooi ons graag u kommando uit ons kamp van Die Voortrekkers Transvaal, by te woon. Hoëveld P/D kamp wil elke lid waarsku, pak solank jou tas, daar wag groot opwinding!!!!

Kamptema:

Hoëveld: PD Hoëveld Glo en Dien God Drie-Enig

Datum: Woensdag 28 April 2021 om 08h00 tot Sondag 2 Mei 2021 om 12:00
Plek: Voortrekkerterrein Hartbeesfontein sowat 50 km Noord vanaf Pretoria
Teikengroep: As gevolg van Covid-19 beperkings kan die kamp slegs 250 kampeerders huisves. Daarom nooi ons Voortrekkers vanaf Graad 5 tot 7 uit om die kamp mee te maak. Stuur asb jul inskrywings so gou as moontlik aan om teleurstelling te verhoed. As die totaal van 250 bereik is, sluit die inskrywings.
Kursusse: Slegs 1 Spesialisasie per kind op die kamp.
Ete: Kos vir ontbyt - eerste ete is eers na 12:00 Woensdag 28 April 2021

	Spesialisasies	**Spesialisasies**	**Spesialisasies**
Gr 5	Weerkennis	Touwerk	
Gr 6	Spoorsny	Kommunikasie	Sterrekunde
Gr 7	Medemens	Veldbewustheid	

Kampgelde:

Kursusgangers (Penkoppe en Drawwertjies, Gr 1-7)	R750.00
(Gr 1 & 2 moet deur ouers vergesel wees)	
Volwasse Intreekursus	R750.00
Kombuisspan (eerste 7 word aanvaar)	R350.00
(Geen persone in kombuis met kinders kleiner as gr 3 nie)	
Volwassenes (alle volwassenes doen diens)	R650.00
Verkenners / Kleuters 3 jaar en ouer	R650.00

(Verkenners wat bereid is om spesiale diens te doen by kleuters of spesiale opdragte mag inskryf, geen diens by kursusse of in die kombuis is toelaatbaar nie). Agv die beperkings op getalle versoek ons sover moontlik dat dat hierdie opsie nie gebruik word nie.

SNOEPIE: **Geen snoepie op kamp - gelde sluit snoepie en eetgoed in vir elke dag.**
Sluitingsdatum: **Vrydag 2 April 2021**. **Opsommings en vorms** by Lelanie (Alle inbetaling vir lede moet by hul kommando gemaak word).
T-Hemde: **Geen T-hemde word hierdie jaar verskaf nie, daar word wel een Hoëveld masker tydens registrasie uit gereik. Indien ouers additioneel wil bykoop (Koste R25/ masker), voltooi in die inskrywings vorm.**
Huisvesting: Eie waterdigte tente, seuns en dogters apart. Tente moet sodaning wees dat ‘n 50% inwoning plaasvind (Dus 8 man tent is 4 kinders). Offisiere is self verantwoordelik vir die opslaan. Een- en tweeman tente word nie toegelaat nie.
Kampbywoning: Indien ‘n kind laat kom of die kamp vroeg verlaat sal hy/sy nie in aanmerking kom vir die spesialisasie / GGA nie.

Volwassenes: Alle ingeskrewe volwassenes moet ‘n plaasvervanger stuur as die kamp nie meer bygewoon kan word nie, of vir gedeeltes van die tydperk wat die betrokke persoon nie beskikbaar is nie.
Kampbenodighede: n Lys van alle benodigdhede, sowel as kursusbenodigdhede sal die kursus bevestingsbrief vergesel. Dit sal ook op die web beskikbaar wees.
Vir meer besonderhede skakel u kommandoleier of sekretaresse. Indien u nie regkom nie, is u welkom om die persone by onderstaande nommers te skakel.

Ons vertrou dat ons op u samewerking kan staatmaak om van hierdie kamp ‘n groot sukses te maak

Voortrekkergroete

Philip de Kock
Kampleier
Sel: 082 657 3300
E-pos : pwdk@absamail.co.za

Lelanie van Wyk
Kampsekretaresse
Sel: 084 986 4236
E-pos : coecks@gmail.com